# DIE SKIETLOOD

165ste Uitgawe 19 Julie 2019
saam met Koersvas 165

## NGB Artikel 37 (vervolg)

**Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk.**
Sekere sake het uiteenlopende reaksies. Die reaksie gaan gepaard met die situasie waarin die mens verkeer, asook die impak op die persoon self. Die gedagte dat mense geoordeel gaan word, is een so 'n saak. Diegene wat die oordeel verwelkom, hou van die gedagte omdat hulle troos vind in eindelike vindikasie. Diegene wat veroordeel gaan word, het 'n afkeer in die gedagte omdat die gevolge vir hulle baie negatief is.
Die presiese verdeling van oortreders en vromes is nie so duidelik nie, altans nie vir ons as mense nie. Daar is baie mense wat opsigtelik vroom lewe; onder draai die duiwel rond. Ander lewe vroom as Moeslims of Boeddhiste, maar nie vroom in die sin van die Bybel nie. Dit is net God wat kan onderskei, net Christus wat met die tweesnydende swaard vroom en goddeloos sal skei.
Dit sluit nie uit dat gelowiges in die belofte van wederkoms en oordeel besliste troos kan vind nie. Die presiese aard van die oordeel moet begryp word. Gelowiges weet dat hulle nie uit eie verdienste een oomblik voor die troon kan staan nie. Ons weet dat ons in Christus staan by hierdie oomblik van oordeel. Dit maak dat ons troos kan vind in die oomblik van waarheid. Dit is daarom nie oordrewe om die oordeel as ‘n begeerlike oomblik in die geskiedenis te sien nie. Hierdie begeerte oorheers nie net die denke en optrede van gelowiges nie; dit is ‘n konstante hunkering na die wederkoms te midde van God se geduld in die uitvoer van Sy plan.

**Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het.**
"Volle verlossing voltooi" is 'n belangrike konsep om van kennis te neem. In hierdie sinsnede word 'n versameling vrae en uitdagings beantwoord. "As die volle prys van die sonde en dood betaal is, waarom is daar nog ellende en dood?" Hoe die teologiese vrae ookal gestel en benoem word, die volkome offer aan die kruis is onder bespreking. Om die vraag te antwoord, is dit allereers nodig om te verwys na God se genade en die feit dat daar ‘n volle getal mense vir die saligheid bestem is. Tot en met die dag van wederkoms, gaan gelowiges presies dieselfde ervaar in hierdie wêreld. God verduur in Sy geduld die mensdom in sy totale verdorwenheid totdat die volle getal saliges bereik is. Gelowiges leef midde hierdie ontaarde geslag as mense wat reeds gered is maar nog nie die effek belewe nie. Hulle is wel gered en hulle verlossing is, volkome, maar nog nie voltooid nie. Net omdat dit nie direk sigbaar of aanduibaar is nie, maak dit nie die redding minder volkome en seker nie, maak dit nie die redding onseker nie. Dit is nog net nie voltooid nie.
Die konsep van verdienste is vreemd aan die Evangelie. Tog is die gedagte

van vrugte ontvang goed gedokumenteer. Die twee sake moet duidelik onderskei word. Verdienste verwys na meriete en eie moeite. Die mens het sekere opofferings gemaak, het sekere vaardighede gekry en ingespan. Op grond van wat die persoon regkry, word daardie mens se meriete beloon. Ons weet dat ons as sondaars nie enige rede tot eie roem het nie. Selfs al sou daar meriete in sekere optredes wees, weeg dit nie op teen die oorwig wat die gevolg van ons sondige natuur is nie.
Die vrugte van ‘n gelowige lewe is anders in aard. Gelowiges weet dat dit louter genade is dat hulle gered word. Tog lewe hulle uit dankbaarheid in gehoorsaamheid en lydsaamheid. Gelowiges se dade van goed doen en barmhartigheid dra die stempelmerk van dankbare eer. God beloon hierdie goeie dankbaarheid in hierdie lewe en volgens die Skrif ook in die toekomstige lewe. Dit is waarom die NGB verwys na vrugte wat ontvang sal word. Oor die aard en omvang van hierdie “vrugte” kan ons nie eens spekuleer nie, net God eer dat Hy genade toevoeg tot genade.

**Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolg, verdruk en gekwel het.**
In hierdie lewe geskied daar ongelukkig nie altyd geregtigheid nie. Mense wat onskuldig is, sterf sonder dat hul onskuld aangedui word. Gelowiges word vervolg en vernietig met gebruikmaak van valsheid. God se geregtigheid is van langer duur. Dit beteken dat ongeregtigheid aan die pen sal ry en die slagoffers van hierdie ongeregtighede sal geregverdig word. Gelowiges se onskuld word betuig, nie hulle sondeloosheid nie. Wat is die verskil? Dit dui op die verskil tussen eie geregtigheid en God se geregtigheid. Sondaars kan nie regverdig wees nie, en tog staan ons as begenadigde sondaars voor die troon. Dit beteken dat ons sondes verwyder is. Ons is gewas in Jesus bloed.
Diegene wat in eie geregtigheid 'n klugspel van ware geregtigheid gemaak het, sal die toorn van God ervaar. Hierdie toorn sal nie teruggehou word, God se toorn sal voltrek word, ten volle uitgegiet word.

**Maar die goddeloses sal deur die getuienis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word;**
Tong in die kies wil ons beweer dat daar selfs met die wederkoms gaan wonderwerke wees. By hierdie geleentheid sal mense deur hulle eie gewetes aangekla word. Elkeen kan in hierdie lewe ten hemele onskuld betuig, maar met die koms van die hemele sal hulle protestasies ontmasker word. Hoe nader die getuie aan die oortreder is, hoe meer oortuigend is die getuienis. Die naaste wat 'n mens kan kom om teen iemand te getuig met verdoemende inligting, is om aangaande jouself te getuig. Selfs die geheime dade en gedagtes kan na vore gebring word in 'n getuienis teen jouself. Anders as 'n skulderkenning is 'n selfgetuienis rede tot maksimum oordeel.

**hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur**

**wat vir die duiwel en sy engele voorberei is.**

**Matteus 25:41** "*Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is,*

Openbaring 20: 13-15 "*Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het. Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi*."

Daar is reeds verwys na die perspektiewe rakende die sogenaamde onsterflikheid van die siel. Hierdie sin onderstreep die stelling dat die mens as geskape wese sterf. Die wederkoms is die geleentheid van oombliklike herlewing. Die interpretasie van die NGB moet hier in die konteks van sy tyd verstaan word. Die vuurpoel as ewige straf soos betuig in Matteus 25 moet ook interpreteer word teen die agtergrond van byvoorbeeld Openbaring 20. Twee sake moet beskou word.

Die eerste is die rede vir die bestaan van die vuurpoel. Die hel (vuurpoel) is vir die duiwel en sy trawante daargestel. Dit beteken dat die duiwel nie nou daar is nie. Dit is anders as die gewilde beeld wat die duiwel teken as in die hel besig om die vuur te stook. Die vuurpoel is vir die duiwel en kie net so 'n verskriklike straf. Inteendeel, die vuurpoel is eerstens vir die satan bedoel. Indien die vuurpoel die tweede dood impliseer, beteken dit dat die duiwel self ook sal ophou bestaan.

Die tweede saak is die mense wat veroordeel is, se lot. Twee moontlikhede is te onderskei. Aan die een kant kan daar volstaan word met die NGB se stelling dat die verwerptes onsterflik gaan word en in die ewige poel van vuur gewerp gaan word. Die feit dat hulle in die ewige vuurpoel gewerp sal word, impliseer natuurlik nie dat hulle onsterflik sal word nie en ewig gemartel sal word nie. Ons moet hier eerlik wees en stel dat die teks dalk ietwat oorspeel word. Om in die ewige vuur gewerp te word, kan bloot beteken dat die vuur nie geblus kan word nie en dat die veroordeeldes sonder twyfel vernietig sal word.

Aan die ander kant kan die verwysing na "tweede dood" ernstig opgeneem word as die ewige dood. Jesus waarsku in Matteus 10:28 "*Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan*." In die hel vergaan mens in sy volle bestaan. Vergaan beteken om dood te gaan. Teen hierdie agtergrond is die hel daardie tweede dood. Dit sou beteken dat ons die "ewig" van die vuurpoel verstaan as dat die mense doodgaan en nooit weer sal lewe nie. Die verwysing na "onsterflik word" is teen hierdie agtergrond problematies en verdien verdere gesprek.

In die 168e uitgawe van Die Skietlood word die bespreking van NGB Artikel 37 voltooi.